**Hersieningsoefening (Hoofstuk 3)**

**Vraag 1:**
**Lees die onderstaande teks en beantwoorde die vrae:**

**Veeltaligheid is ’n moet!**

Het jy al ooit gewonder hoe dit sou wees as almal net een taal gepraat het? As daar nie woorde soos “lekker”, “yebo”, “cool”, “shalom” of “laduma” was nie, dink ek die lewe sou vaal en grys wees. Ons woon in ’n land met verskillende tale. Mense druk hulself op verskillende maniere uit. Mans is meer eentalig as vrouens. Hoe meer tale jy kan praat, hoe beter sal jy met ander kan kommunikeer. In ’n land soos Suid-Afrika moet ’n mens ten minste twee tale kan praat. As jy net een taal kan praat, verstaan jy nie die noodsaaklikheid van veeltaligheid nie. As jy net een taal praat, kyk jy na die wêreld met een oog. Die aanleer van ’n nuwe taal ontwikkel jou brein en stel jou bloot aan ’n ander kultuur. Taal lê na aan ’n mens se hart. Taal is deel van mense se identiteit. Dit is dus baie belangrik om ’n tweede of derde taal aan te leer. Mandela het gesê as jy met iemand in sy moedertaal praat, praat jy met sy hart. Suid-Afrikaners moet meer met mekaar se harte praat.

1.1 Hoe beskryf die spreker ’n wêreld met een taal? (1)
1.2 Waar of Onwaar. Motiveer jou antwoord. (2)
*Suid-Afrika is ’n veeltalige land.*
1.3 Gee ’n voorbeeld van stereotipering uit die teks. (1)
1.4 Wat is die minimum aantal tale wat ’n Suid-Afrikaner moet praat volgens die spreker? Haal drie woorde aan. (1)
1.5 Hoekom dink jy praat sekere mense net een taal? (1)
1.6 Gee twee voordele van die aanleer van ’n nuwe taal volgens die spreker. (2)
1.7 Hoekom is taal so belangrik vir mense? Gee twee redes in een sin. (2)
1.8 Wat beteken dit om met iemand se hart te praat? (1)

**Vraag 2**
**Verander die volgende sinne na indirekte rede**
2.1 Amanda vra: “Wanneer is Erfenisdag?” (2)
2.2 Carl sê: “My oupa het teen apartheid opgestaan.” (2)
2.3 Wilma het vir Imran gevra: “Is jy vandag besig?” (2)
2.4 Die pa beveel: “Kinders, luister na julle ma!” (2)
2.5 Walter sê: “Die Springbokke het die toernooi gewen.” (2)
2.6 JP vra: “Is ek vergewe?” (2)

**Vraag 3**
**Verander die volgende sinne na direkte rede**
3.1 Dustin vra wie die beste leier is. (2)
3.2 Warren sê dat vriendskap baie belangrik is. (2)
3.3 Cecilia het gesê dat hulle die vorige jaar gestem het. (2)
3.4 Jessica vra of sy ’n tweede kans het. (2)
3.5 Anna sê dat hulle familie almal twee tale kan praat. (2)
3.6 Selma vra of hulle veeltalig is. (2)

Totaal: 35

**Hersieningsoefening (Hoofstuk 3)**
**Memorandum**

**Vraag 1:**
1.1 Hoe beskryf die spreker ʼn wêreld met een taal? (1)
*Vaal en grys*
1.2 Waar of Onwaar. Motiveer jou antwoord. *Suid-Afrika is ʼn veeltalige land.* (2)
*Waar. Mense in Suid-Afrika praat verskillende tale.*
1.3Gee ʼn voorbeeld van stereotipering uit die teks. (1)
*"Mans is meer eentalig as vrouens."*
1.4 Wat is die minimum aantal tale wat ʼn Suid-Afrikaner moet praat volgens die spreker? Haal drie woorde aan. (1)
*"ten minste twee"*
1.5 Hoekom dink jy praat sekere mense net een taal? (1)
*Eie mening, byvoorbeeld: Mense dink nie dis belangrik om ʼn ander taal te leer nie. Sekere mense word nie genoeg aan ʼn tweedetaal blootgestel nie of sekere mense sukkel met tale.*
1.6 Gee twee voordele van die aanleer van ʼn nuwe taal volgens die spreker. (2)
*Dit ontwikkel jou brein en stel jou bloot aan ʼn ander kultuur.*
1.7 Hoekom is taal so belangrik vir mense? Gee twee redes in een sin. (2)
*Dis deel van mense se identiteit en dit lê ʼn mens na aan die hart.*
*1.8 Wat beteken dit om met iemand se hart te praat? (1)*
*Jy kommunikeer op ʼn persoonlike vlak met iemand.*

**Vraag 2: Verander die volgende sinne na indirekte rede**
2.1 Amanda vra: "Wanneer is Erfenisdag?" (2)
*Amanda vra wanneer Erfenisdag is.*
2.2 Carl sê: "My oupa het teen apartheid opgestaan." (2)
*Carl sê dat sy oupa teen apartheid opgestaan het.*
2.3 Wilma het vir Imran gevra: "Is jy vandag besig?" (2)
*Wilma het vir Imran gevra of hy daardie dag besig was.*
2.4 Die pa beveel: "Kinders, luister na julle ma!" (2)
*Die pa beveel die kinders om na hulle ma te luister.*
2.5 Walter sê: "Die Springbokke het die toernooi gewen." (2)
*Walter sê dat die Springbokke die toernooi gewen het.*
2.6 JP vra: "Is ek vergewe?" (2)
*JP vra of hy vergewe is.*

**Vraag 3: Verander die volgende sinne na direkte rede**
3.1 Dustin vra wie die beste leier is. (2)
*Dustin vra: "Wie is die beste leier?"*
3.2 Warren sê dat vriendskap baie belangrik is. (2)
*Warren sê: "Vriendskap is baie belangrik."*
3.3 Cecilia het gesê dat hulle die vorige jaar gestem het. (2)
*Cecilia het gesê: "Ons het verlede jaar gestem."*
3.4 Jessica vra of sy ʼn tweede kans het. (2)
*Jessica vra: "Het ek ʼn tweede kans?"*
3.5 Anna sê dat hulle familie almal twee tale kan praat. (2)
*Anna sê: "Ons familie kan almal twee tale praat."*
3.6 Selma vra of hulle veeltalig is. (2)
*Selma vra: "Is julle veeltalig?"*